Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Brose kleipotte word deur God gebruik om sy lig te laat skyn!

Skriflesing: 2 Kor 4:1-15
Teksvers: 2 Kor 4:6,7

Sing:
Ps 84-1:1,2
Ps 9-1:7
Ps 40-1:4
Sb 16-1:1-3
Ps 90-1:1,2
Ps 103:1,9
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Carina vd Dussen
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Ds Gerrit Kruger

Ons lewens word gekenmerk deur baie fisiese en geestelike uitdagings. Paulus vergelyk ons met kleipotte wat maklik breek. Ons liggame is broos en ons is onderworpe aan baie skielike aanslae wat worstelinge by ons veroorsaak. Ons word getref deur geestelike en fisiese siektes en gebreke. 'n Motorongeluk kan jou hele wêreld skielik verander. Daar is geestelike siektes, depressie, angsaanvalle, daar is fisiese siektes, 'n aartjie wat bars, 'n virus wat jou aanval, 'n knievervanging, 'n heupvervanging, 'n rugoperasie. Dit gebeur nie net met ouer mense nie, maar dit gebeur ook met kinders. 'n Blindederm wat bars, 'n motorongeluk verander jou wêreld in 'n oogwink.
Ons gaan na drie sake kyk:

- Ons is brose kleipotte deur God gemaak.
- Ons is bruikbare kleipotte wat vol krake is.
- Ons is kleipotte waaruit die lig moet skyn.

SONDAGAAND 18:00

Berou oor sonde word sigbaar

Skriflesing: Miga1

Teksvers: Miga 1:10-16

Sing:
Ps 2:,6
Ps 18:1,14
Sb 2-2:1,3
Sb 3-3:1,3,6
Sb 13-2

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Pieter vd Dussen
Klank: Jan Reesink
Prediker: Ds Paul vd Berg

Is dit nodig dat jy jou berou oor jou sonde sigbaar sal maak? Indien jy wel berou het oor jou sonde, hoe maak jy dit sigbaar?

In hierdie hoofstuk kla die Here vir Israel aan, oor hulle voortgaande en volhardende sonde. Hy spreek 'n oordeel oor hulle uit oor al die uitdagende en openlike sonde wat hulle gepleeg het. Die tyd van genade is verby. Die ballingskap gaan plaasvind. Daarom kom die Here in vers 16 en sê:

"Skeer 'n kaal kol op jou kop, skeer 'n kaal kol op jou kop soos dié van 'n aasvoël, want dié oor wie jy bly is, sal van jou af in ballingskap weggevoer word."

In daardie tyd was berou, smart, verootmoediging en sonde belydenis onder andere sigbaar gemaak deur die skeer van hare.

Mag jy jou opregte berou oor jou sonde gebrokenheid in jou woorde en dade sigbaar maak.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 43 Nr 35 4 November 2018
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

Pyn in die lewe

Orals in die lewe is daar vandag pyn. Geestelike en fisiese pyn. As ons sensitief is in ons liefde vir mense, dan hoor ons dat mense swaarkry. Maar almal van ons het ook maar elkeen ons eie innerlike swaarkry en pyn. As jy pyn ervaar, moet jy egter biddend probeer uitkom by die oorsaak. Wat is die oorsaak van die pyn? As dit 'n fisiese pyn is, gaan ons dokter toe en op die manier kom ons agter wat die oorsaak is en dan kry jy medisyne of 'n operasie of welke behandeling. Soms is dit egter van so 'n aard dat jy net moet leer om daarmee saam te leef so goed as wat jy kan. Veral as die ouderdom begin intree, is daar dikwels onomkeerbare pyn en lyding vanweë die veroudering. Maar die grootste probleem is dikwels geestelik, sielkundig agv van 'n onvermoë, nie goeie menseverhoudings nie of in die meeste gevalle dan wat kulmineer in spanning "stress" en depressie en ander geestelike, emosionele toestande, wat ook psigosomaties reaksies tot gevolg kan hê.

As daar pyn is moet ons spesiaal, doelgerig daadwerklike hulp gaan soek, wat is die oorsaak van die pyn?

- Eensaamheid is dikwels 'n pyngevoel wat jy beleef vanweë mense-verhoudings wat nie gemaklik is nie, of alleenheid of 'n geliefde wat gesterf het.
- Skuldgevoelens is 'n pynlike emosie wat jy heel waarskynlik beleef omdat jy iets verkeerd gedoen het.
- Depressie is een van die moeilikste siektes om te diagnoseer, te beleef en te behandel.

Ons leef in 'n sondegebroke wêreld waarin mense dikwels baie seer het vanweë baie verskillende oorsake. Daarom het ons genesing nodig. Innerlike genesing kan ons egter verkry, al gaan dit selfs met worsteling gepaard, as ons ons opreg eerlik tot die Here rig.

By God is daar genesing en uitkoms. Ons moet leer om reg te dink, te leef saam met mense. Ons lewe moet gerig wees op die Woord as rigsnoer, met God as ons Vader en Jesus Christus as ons Verlosser. Ons moet weet dat die Heilige Gees ons Trooster is wat aan ons gegee is. Daarom moet ons biddend genesing soek by God. Met al ons pyn en hartseer en swaarkry moet ons ons na God wend. Dit moet ons doen deur die Woord te lees.

- **Ps 119:105** *"U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad."*
- **1 Tes 5:17** *"Bid gedurig."*
- **Gal 6:2** *"Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus."*

Mat 11:28-30

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

Ds Gerrit

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Ons gee om ...

Telefoon: 012 664 2614
Faks: 012 664 0004
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Pieter Erasmus Alethea: Ricus Coetzee

Diaken: Lourette vd Berg

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 25; Sb 18-6:1

Volgende week: Hersiening Les 13 tiot 25; Sb 18-6:4

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 417

VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

04-Nov	Rochelle	Bloemhof	B02	082 823 3612
	Annerize	Cordier	B19	083 226 5341
	Esther	Hoffmann	A02	084 553 1605
05-Nov	Basil	Appleby	A09	082 857 5367
06-Nov	Martie	Erasmus	C04	082 574 9804
07-Nov	Charlotte	Appleby	A09	654 1833
	Jors	Groenewald	A03	082 819 5947
	Chris	Heunes	B11	660 1143
	Tillie	Kamper	B10	073 171 5630
	Lizanne	Steenekamp	C15	082 942 2440
08-Nov	Jossie	Briers	A01	667 3282
	Ilona	Erasmus	A10	082 322 6221
	Lelo	Keitsemore	E01	082 371 3744
	Corné	Snyman	B17	073 340 4004
	Martie	Victor	A06	079 680 4503
09-Nov	Wietske	Boon	B18	072 872 1755
	Moritz	Jv Vuuren	B04	072 444 1182
	Maurice	le Roux	B13	081 484 3454
	Maretha	Smit	B19	076 194 5864
	Santie	van Rooy	B07	644 0762
10-Nov	Lourens	de Beer	C10	643 0694
	Tertius	Horak	B14	658 0222
	Anton	Smith	B10	082 856 3704
	Piet	v Rooyen	B10	082 453 8446

DOOPLIDMATE

04-Nov	Hannah	Brits	B19	656 8083
	Gerhard	Roets	C11	082 560 8209
05-Nov	Laurika	le Roux	C04	664 5222
08-Nov	Guan	Buys	B09	660 1483
09-Nov	Helena	Gildenhuys	C13	082 788 4169
10-Nov	Christian	Boon	B18	072 872 1755

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

4 November
B19 Melissa Visser
C05 Marie Coetzee
C07 Gerda Pieters
C06 Marietjie Smit

11 November
C09 Marique le Roux
C10 Minette de Beer
C12 Christi Venter
C15 Suanne van der Walt

Vakature: Geletterdheidsklas

Vanaf Januarie 2019 is daar 'n vakature om Engels aan 'n tiental senior dames te onderrig.

Vereistes: moet elke Donderdag vir 'n uur vanaf halfses tot halfsewe beskikbaar wees. Die dames doen groot moeite om dit binne hulle omstandighede baie getrou by te woon, dus is 'n baie positiewe, liefdevolle, geduldige, stadige en volhardende aanslag deel van die aanbieding van baie basiese Engels (min of meer Gr 2).

Opbou en uitbou van menswaardigheid is deel van hierdie klasse.

Indien hierdie diens oorweeg word, kontak asb Brenda Venter (0842004700) of Phia van Helden (0825416388).

Droëvrugte - bestel vir oulaas

Baie dankie vir almal se ondersteuning gedurende die jaar. Ons heerlike vrugte kom van die plaas Ordinance in die distrik Montagu. (Niks te doen met die winkel Montagu nie.) Vir die volgende twee Sondae kan bestellings geplaas word (vir oulaas), dit is vandag en die 11e November. Slegs bestellings gaan aangekoop word, so dink mooi wat jy wil hê en kom vul 'n vormpie in by die agterste luik van die kombuis.

Rika Kruger 0768347774

Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- *Louis Trichardt het 'n operasie ondergaan (A4—082 388 6001).*
- *Klein Laker Grünenfelder sterk aan in Midstream hospitaal nadat sy blindederm gebars en hul 'n noodoperasie moes uitvoer (C15—071 491 0797).*
- *Marcel Wattel sterk aan in Unitas hospitaal nadat jy met sy fiets in 'n motorongeluk betrokke was en hul hom moes opereer (A12—345 2107).*
- *Conrad Stoltz het 'n operasie ondergaan in Eugene Marais hospitaal (A14—654 2406).*
- *Max Vorster sterk tuis aan (A15—651 5352).*
- *Johann Verreynne gaan komende week vir 'n operasie (C11—663 3727).*
- *Mossie Venter sterk aan in Unitas hospitaal (B7—083 564 2957).*

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

Hennie en Annelise Jooste met die doop van Lisa vanoggend.

Vergaderings

- 5 Nov—Bedieningskommissie 18:00
- 7 Nov—Ouderling Blok-vergaderings
- 8 Nov—Diakonie vergadering 19:00

Eljada Huis

Baie dankie aan ieder en elkeen wat tot nou toe 'n bydrae gelewer het.

Verdere bydraes sal baie waardeer word. Ons is op soek na 'n ou fiets om te skenk vir iemand by Eljada. Ons benodig veral blikkies kos. Volledige lys is op kennisgewingborde.

Petra Swanepoel: petraswa@gmail.com / 0829277324

KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sotho-bedieing

Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

Algemene herstelwerk aan huise en geboue, ook **veiligheidshekke** en diefwering. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of hj2vdwalt@gmail.com.

Au Pair posisie Centurion (Jan tot Nov 2019) skool vakansies uitgesluit. Ma – Do. 2 kinders: 11jr en 16jr. Rondry na buitemuurse aktiwiteite, help met huiswerk. Benodig eie voertuig. Erika vd Wateren 082 450 0923.

Wil jy fiks en soepel word of bly? Kontak Elmé vir **pilatesklasse** by 060 994 8023.

Ruim **Tuinwoonstel te huur** R5500pm (w&l ingesluit), Alanweg, Eldoraigne. 1 Sk, vol b/k; oopplan sit-; eetkamer; kombuis, swembad en braai. Onderdak parkering. Alarmstelsel. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

Die praatjie van Arie vd Kruk oor Crossroads kan weer gekyk word op Kerkdienstgemist. Gaan net na 21 Okt op die kalender of volg hierdie skakel direk:

kerkdienstgemist.nl/media/1617590-Geestelike-Opbou

Kruispad is nou digitaal!

Vandat Kruispad in 2007 ontstaan het beywer dié tydskrif hom om die evangelie te verkondig.

Hierdie jaar het Kruispad besluit om die skuif te maak na digitaal. So kan ons nog meer mense bereik!

Besoek (www.kruispad.net) Kruispad se webwerf en lees die gratis artikels. Jy kan ook vir ons vra oor iets wat jy wil lees: Stuur 'n e-pos. Het jy geweet die Kruispad-webwerf het talle artikels oor die Reformasie? Jy kan dit gratis lees!

Stuur die vir almal wat jy ken aan en verkondig die Woord van die Here!

"Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.

Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde."

Openbaring 22:12, 13

Hulp met video-uitsendings

Die mediabedieningspan is opsoek na mense wat wil help met die video-uitsendings tydens eredienste. Die huidige 2 media persone (PowerPoint en klank) kan nie nog die video ook behartig nie, dus gaan daar 'n derde persoon per erediens agter by die mediakas moet wees.

Kom sien vir Eric na die oggenderediens (agter by die videokas) indien jy sou belangstel óf skakel hom by 083 640 6138.